***GEDRAGSKODE VIR LEERDERS***
***S K O O L R E Ë L S***

**1. HOEKOM 'N GEDRAGSKODE?**

Met die Gedragskode vir leerders poog ons om ordelike en effektiewe onderrig te bevorder en poog ons ook om die leerder te begelei tot die ontwikkeling / verwerwing van selfdissipline.

2. Volgens die SA Skolewet Artikel 8(4) is alle leerders verplig om te voldoen aan die vereistes van die gedragskode van die skool wat hulle bywoon.

3. **ELKE HERRIE HET DIE REG:**

3.1 Om te werk en te leer sonder enige steurnisse.
3.2 Om hoflik en met respek behandel te word.
3.3 Om in 'n skoon, veilige en ordelike omgewing te werk.
3.4 Op 'n billike verhoor by beweerde oortredings.

**ALGEMENE SKOOLREËLS:**

4.1 **SKOOLTYE:**

4.1.1 Gr. RRR tot 7 Maandag tot Donderdag 7:30 tot 13:34
4.1.2 Gr. RRR tot 7 Vrydag 7:30 tot 13:00

4.2 Leerders wat langer as 3 dae afwesig is moet by hulle terugkeer 'n mediese sertifikaat indien en vir minder as 3 dae 'n brief van hulle ouers, behalwe wanneer 'n kwartaaltoets geskryf word. Leerders wat 10 dae aaneenlopend afwesig is, word verwyder van die register.

4.3 Indien 'n leerder gedurende skooltyd die skool moet verlaat moet die persoon wat die leerder kom haal eers die register by die kantoor voltooi. Geen kind sal op sy eie verantwoordelikheid toegelaat word om die perseel te verlaat nie. Leerder moet 'n kaartjie by kantoor ontvang om by die hek te mag uitgaan.

4.4 **SKOOLDRAG:**

4.4.1 Soos op die Gedragskode uiteengesit.
4.4.2 Geen onderklere mag onder 'n dogter se rok uitsteek nie!
4.4.3 Slegs die voorgeskrewe skooldrag mag gedra word.
4.4.4 Die dag waarop 'n leerder verjaar mag hy gewone klere dra.

4.5 **ALGEMENE VOORKOMS:**

4.5.1 **HARE: DOGTERS**

4.5.1.1 Hare langer as die kraag moet vasgemaak word.
4.5.1.2 Geen uitspattige haarstyle, gekleurde of gegolfde hare word toegelaat nie. Geen "under cuts".
4.5.1.3 Net rekkies en knippies soos voorgeskryf.
4.5.1.4 Hare moet altyd skoon en netjies wees.
4.5.1.5 Kuiwe mag nie oor wenkbroue hang nie.
4.5.1.6 Kopluise is hoogs aansteeklik en 'n leerder wat daarmee besmet is moet tuis bly tot die probleem opgelos is.

4.5.2 **HARE: SEUNS**

4.5.2.1 Hare moet kort, skoon en netjies wees.
4.5.2.2 Geen uitspattige haarstyle of gekleurde hare word toegelaat nie.

4.5.2.3 Kuiwe nie oor wenkbroue nie.

4.5.2.4 Kopluise is ‘n hoogs aansteeklike siekte en die leerder wat daarmee besmet is, moet tuis bly tot die probleem opgelos is.

4.5.3 **JUWELE:**

4.5.3.1 Leerders dra geen hangertjies, armbande of ringe nie (behalwe vir mediese redes.)

4.5.3.2 Dogters mag slegs een seëlring dra.

4.5.3.3 Slegs klein goue of silwer knoppies of gladde ringetjies word as oorkrabbertjies toegelaat vir dogters.

4.5.3.4 Oorkrabbertjies mag slegs in oorbelle gedra word, nie in oorskulpe nie.

4.5.3.5 Seuns: geen oorversiering.

4.5.3.6 Ongeoorloofde juwele word vir die dag geskut waarna die betrokke leerder dit by die betrokke personeellid mag afhaal. Een Christelike armbandjie mag deur VCSV-lede gedra word.

4.5.4 **NAELS EN GRIMERING:**

4.5.4.1 Naels moet kort en netjies gehou word en mag nie oor die vingerpunte steek nie.

4.5.4.2 Dogters mag slegs kleurlose naellak gebruik.

4.5.4.3 Geen grimering word toegelaat nie.

## 4.6 TASSE:

4.6.1 Geen tas wat handboeke of skrifte beskadig, mag gedra word nie.

4.6.2 Tasse word soggens in die voogklas waar leerders met hulle eerste les sal wees, in ‘n ry geplaas.

4.6.3 Geen leerder mag in ‘n ander leerder se tas krap nie.

4.6.4 Tasse word gedurende die les onder die leerder se stoel geplaas en versper nie die paadjies en tussen skoolbanke nie.

4.6.5 Leerders moet hulle tasse tydens pouse in die betrokke klas sit, waar hulle na afloop van pouse ‘n les sal ontvang.

**SELFONE:**

***GEEN*** selfone mag aangeskakel wees voor skool en in skooltyd nie. Selfone ***<u>moet</u>*** gebêre word in die onderwyser se kluis.

## 4.7 KLEEDKAMERS:

4.7.1 Gr. 1 en Gr. 2 het hulle eie kleedkamers.

4.7.2 Elke leerder het ‘n verantwoordelikheid ten opsigte van die netheid van die kleedkamers.

4.7.3 Leerders moet dadelik probleme en ongerymdhede wat in die kleedkamers voorkom by die hoof rapporteer.

## 4.8 TERREIN:

4.8.1 Hou die terrein altyd netjies. Moenie papiere strooi nie.

4.8.2 Geen blomme mag gepluk word nie.

4.8.3 Bome, struike en ander plante mag nie beskadig word nie.
4.8.4 Geen leerder mag die terrein gedurende skoolure sonder die nodige toestemming verlaat nie.
4.8.5 Geen leerder mag op die skoolterrein vertoef, na afloop van pouse nie. Nadat die 2 de klok na pouse gelui het, moet alle leerders in hulle klasse wees.
4.8.6 Verlore goedere wat opgetel word moet by die kantoor ingehandig word.
4.8.7 'n Leerder wie siek raak tydens skooltyd moet met die onderwyser se toestemming by die kantoor aanmeld vir hulp.
4.8.8 Geen leerder mag met 'n brandblusser peuter nie.
4.8.9 Rook is verbode op die skoolterrein, asook na skool in skooldrag.
4.8.10 Fietse moet in die fietsloods gebêre word.
4.8.11 Leerders mag nie in die skoolterrein op hulle fietse ry nie, ook nie op die stoepe nie.
4.8.12 Geen leerder mag by personeel se voertuie speel nie.
4.8.13 Gedurende pouse mag geen leerder in die saal of in die klas of op die stoepe wees nie.
4.8.14 Rugby of "Red Rovers" of "open gate" mag nie pouses gespeel word nie.
4.8.15 Geen krieketbal mag skooltoe gebring word nie.
4.8.16 Geen speelgoed, messe of wapens, en gevaarlike speelgoed bv "BB Gun, ens. mag skooltoe gebring word nie.

**4.9 SIEK LEERDERS:**

4.9.1 Geen leerder wat siek is mag skooltoe kom nie.
4.9.2 Na afwesigheid weens siekte moet 'n afwesigheidsbrief (geteken deur die ouer) aan die registeronderwyser gestuur word.
4.9.3 Indien 'n leerder gedurende 'n formele toets of eksamen siek is, word die betrokke vraestel die daarop volgende Maandag geskryf indien 'n doktersbrief ingehandig word en die nodige reëlings met die hoof getref word.
4.9.4 Indien 'n leerder by die skool siek word sal een van die kantoor personeel die ouers skakel om die kind te kom haal. Leerder moet in die uittekenregister uitgeteken word.
4.9.5 'n Leerder wat die skool tydens skoolure verlaat word by die kantoor afgehaal.

**4.10 SNOEPIE:**

4.10.1 Leerders in die Aanvangsfase (Gr.1 tot Gr. 3) mag die snoepie 5 minute voor die aanvang van pouse besoek - die res van die leerders nadat die klok vir pouse gelui het;
4.10.2 Leerders moet in rye voor die snoepie aantree.
4.10.3 Leerders wat by die rye indruk sal by die snoepie belet word.

**4.11 MEDIASENTRUM:**

4.11.1 Leerders mag boeke voorskool vanaf sewe uur, pouse en naskool tot twee uur uitneem.
4.11.2 Daar moet altyd orde en disssipline in die mediasentrum wees.
4.11.3 Media-LEIERS moet gehoorsaam word.
4.11.4 Media-LEIERS is daar vir hulp en leiding.

4.11.5 Leerders wat mediaboeke verniel sal belet word om die mediasentrum te besoek.

**4.12 SAALOPENING:**

4.12.1 Die saalopening is ‘n gewyde periode en daarom moet daar deurgans stilte gehandhaaf word - Leiers help met toesig.

4.12.2 Wanneer die volkslied en die skoollied gesing word moet almal op aandag staan.

3.12.3 Tydens verdaging moet leerders in rye uitstap en in rye na hulle klasse stap.

3.12.4 Leerders kan medaljes en sertifikate wat hulle verwerf het, skooltoe bring en dit sal dan in die saal aan hulle oorhandig word.

**4.13 BUITEMUURSE AKTIWITEITE:**

4.13.1 Tydens buitemuurse aktiwiteite geld alle skoolreëls vir alle leerders.

4.13.2 Leerders wat die skool op die sportveld verteenwoordig moet altyd in die korrekte sportdrag geklee wees.

4.13.3 ‘n Gesonde sportmangees behoort ten alle tye nagestreef te word.

4.13.4 Geen wangedrag sal op of langs die sportveld geduld word nie.

**4.14 AFKONDIGINGS: (INTERKOM)**

4.14.1 Geen afkondigings tydens die eerste periode nie.

4.14.2 Tydens afkondigings oor die interkom moet daar stilte in die klas wees.

4.14.3 Afkondigings vind net voor pouses en voor die skool uitkom plaas.

**4.15 KLASWISSELING:**

4.15.1 Leerders moet tydens klaswisseling flink beweeg en in rye na die volgende klas stap - nie in groepe nie!

4.15.2 Leerders mag nie laat by die volgende klas aankom nie - indien die onderwyser sy / haar deur toegemaak het is die leerder laat.

4.15.3 Leerder moet dan ‘n toestemmingsbrief by hoof gaan afhaal voordat hy vir daardie klas toegelaat sal word.

4.15.4 Geen leerder mag gedurende pouse (sonder die toestemming van onderwyser) in die klas wees nie.

4.15.5 Leerders mag nie op die stoepe sonder ‘n toestemmingspas beweeg nie.

**4.16 GEDRAG BUITE DIE SKOOLGROND :**

4.16.1 Die skooluniform is net so deel van die skool as die skoolgrond self. Dit is soos ‘n handelsmerk van ‘n maatskappy wat ‘n eie unieke karakter het. Indien ‘n leerder ‘n oortreding buite die skoolgrond in skooldrag begaan, geld stappe en tugmaatreëls wat binne die skool geld.

**4.17 KLASKAMERPRAKTYK:**

4.18.1 Leerders moet in rye voor ‘n klas aantree. Op bevel van die onderwyser wat buite die klas is, moet die leerder ordelik die klas instap.

4.18.2 ‘n Herrie skryf nie op banke, mure, pale ens nie.

4.18.3 Tydens onderrigperiodes word nie geëet nie.

4.18.4 Indien ‘n leerder oneerlik is in ‘n toets, word sy antwoordvel ingeneem.

Die
ouers word gekontak en leerder ontvang debietinskrywing.

4.18.5 ‘n Leerder verlaat nie die klas sonder toestemming van die onderwyser nie.

4.18.6 Indien handboeke, skrifte en mediaboeke verniel is, neem die ouers verantwoordelikheid vir die herstel / vervanging daarvan, dit geld ook vir verlore boeke.

4.18.7 Indien huiswerk of take nie gedoen word nie, ontvang leerders debiet-inskrywings.

4.18.8 Indien ‘n leerder in ‘n klas skreeu, gesels, rondloop ens., word die klasatmosfeer ontstig. Dit is ‘n baie ernstige oortreding wat aan die ouers gerapporteer sal word.

4.18.9 Indien die hoof of enige onderwyser die klas inkom, tel die klasleier en die hele klas groet gelyk. Leerders hoef nie op te staan nie.

4.18.10 Indien dit reën, bly die klas by die onderwyser waar hulle voor pouse is. Na pouse, beweeg hulle na die volgende periode.

**4.18 ALGEMEEN:**

4.19.1 Geen afknouery word toegelaat nie.

4.19.2 Geen vloekery of vuiltaal nie - Rapporteer dit dadelik by ‘n onderwyser. Ouers sal dan gekontak word.

4.19.3 Geen bakleiery word toegelaat nie. Daar is ander maniere om ‘n geskil op te los.

4.19.4 Indien daar ‘n vermoede van diefstal is, sal die polisie sowel as die ouers se hulp ingeroep word. By hierdie skool is daar nie plek vir kinders wat ander se eiendom steel nie.

4.19.5 Geen kind word toegelaat om terwyl in skooldrag geklee hand - aan - hand of om die lyf te loop nie.

4.19.6 Indien pornografiese literatuur by ‘n leerder gevind word, sal sy/haar ouers gevra word om dit by die hoof te kom afhaal en sal so ‘n leerder ‘n laaste waarskuwing kry.